BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Vrydag 25 Augustus 1978 WINDHOEK Friday 25 August 1978 No. 3814

INHOUD:

PROKLAMASIE: Bladsy

No. AG. 57 Proklamasie op Mineraleregte, 1978 1

CONTENTS:

PROCLAMATION: Page

No. AG. 57 Mineral Rights Proclamation, 1978 1

## PROKLAMASIE

van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Waarnemende Staatspresident goedgekeur op 18 Augustus 1978)*

No. AG. 57 1978

WYSIGING VAN DIE ORDONNANSIE OP MYNE, BEDRYWE EN MINERALE, 1968 (ORDONNANSIE 20 VAN 1968), EN HERROEPING VAN PROKLAMASIE 42 VAN 1969

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal Windhoek, 22 Augustus 1978

BYLAE

*Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 20 van 1968*

1. Artikel 2 van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale, 1968, word hierby gewysig —

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

" (1) Die reg van prospektering na, en myn van, en beskikking oor edelminerale en onedele

## PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the Acting State President on 18 August 1978)*

No. AG. 57 1978

AMENDMENT OF THE MINES, WORKS AND MINERALS ORDINANCE, 1968 (ORDINANCE 20 OF 1968), AND REPEAL OF PROCLAMATION 42 OF 1969

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General Windhoek, 22 August 1978

SCHEDULE

*Amendment of section 2 of Ordinance 20 of 1968*

1. Section 2 of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968, is hereby amended —

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) The right of prospecting and mining for and disposing of precious and base minerals

minerale in die Gebied, insluitende sy territoriale waters en vastelandsplat, berus by die Administrateur-generaal."; en

(b) deur subartikel (2) te skrap.

*Wysiging van artikel 71 van Ordonnansie 20 van 1968*

2. Artikel 71 van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale, 1968, word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (1) te voeg:

"Met dien verstande dat, indien sodanige grond 'n naturellereservaat is, die volle bedrag van sodanige gelde aan die eienaar oorbetaal word.".

*Herroeping van Proklamasie 42 van 1969*

3. Proklamasie 42 van 1969 van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika word hierby herroep.

*Voorbehoude*

4. 'n Vergunning om te prospekteer of ander reg wat kragtens of uit hoofde van die bepalings van genoemde Proklamasie 42 van 1969 verleen of verkry is en wat by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie van krag is, bly van krag asof artikels 1 en 3 nie ingevoer is nie.

*Kort titel*

5. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Mineraleregte, 1978.

the Territory, including its territorial waters and continental shelf, is vested in the Administrator-General."; and

(b) by the deletion of subsection (2).

*Amendment of section 71 of Ordinance 20 of 1968*

2. Section 71 of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968, is hereby amended by the addition to subsection (1) of the following proviso:

"Provided that, if such land is a native reserve, the full amount of such fees shall be paid over to the owner.".

*Repeal of Proclamation 42 of 1969*

3. Proclamation 42 of 1969 of the State President of the Republic of South Africa is hereby repealed.

*Savings*

4. Any permission to prospect or other right granted or acquired under or by virtue of the provisions of the said Proclamation 42 of 1969 and of force at the coming into operation of this Proclamation, shall continue to be of force as if sections 1 and 3 had not been introduced.

*Short title*

5. This Proclamation shall be called the Mineral Rights Proclamation, 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.